# Hoe om ’n boom te plant

## Woensdag, 4 September 2019

Plant ’n boom by jou huis.

Min mense kan gewoonlik weens werksomstandighede op Boomplantdag bome plant. Dit skep egter ’n geleentheid vir gesinne om bymekaar te kom en iets saam te doen. Beskou AfriForum-boomplantmaand as ’n geleentheid om jou eie erfenis te skep deur op simboliese wyse ’n gesinsboom te plant. Toekomstige geslagte sal daardeur bevoordeel word.

Vanjaar word op twee spesifieke bome gefokus – verwys na 2 September in hierdie boomplantdagplan. As jy ’n ander boom in gedagte het, maak seker dit is ’n inheemse boom en dat jy dit op die regte plek plant. Maak ook seker dat die boom in jou omgewing aard.



## 10 stappe om ’n boom te plant

1. Kies ’n inheemse boom wat vir jou omgewing geskik is en maak seker dat jy dit op ’n geskikte plek plant. Daar moet genoeg spasie wees om te kan groei.

2. Grawe ’n vierkantige gat wat 0,5 m diep is en met sye wat 0,5 m breed is. Vir ’n groot boom (’n ouer boom) moet die gat groot genoeg wees sodat daar 20 cm tussen die kante van die gat en die boom is. Vir ’n kleiner (jonger) boom moet die gat omtrent vier keer so wyd wees as die swart sak om die wortels van die plant. (Die gat moet vierkantig wees, want ’n ronde gat sal veroorsaak dat die boom se wortels in die rondte groei in plaas daarvan dat dit onder die grond vertak.)

3. Vul die helfte van die gat met ou kraalmis of kompos en die res met grond. Meng goed en maak seker daar is genoeg spasie vir die wortels. As die grond ’n fosfaattekort het, kan jy ’n halwe blikkie beenmeel by die komposmengsel inwerk.

4. Verwyder die boom uit die sak en maak die wortels versigtig los.

5. Plant die boom in the middel van die gat, diep genoeg om die wortels heeltemal te bedek.

6. Druk die grond om die wortels versigtig vas en maak ’n klein walletjie om die stam (dit sal help as jy die plant water gee).

7. Bind die boom aan ’n stewige paal of stok vas om dit te ondersteun en regop te hou.

8. Bedek die grond om die boom met ’n deklaag (*mulch*) en gee dit genoeg water.

9. Beskerm die boom teen diere, mense en ander bedreigings deur doringtakke om die boom te pak. ’n Heining kan ook as tydelike oplossing opgerig word.

10. Gee die boom vir die eerste twee jaar ten minste twee emmers water per week.

***As jy in ’n droë gebied bly of buite die reënseisoen wil plant, is dit belangrik dat die boom se wortels genoeg water kry.***

*Gebruik een van die volgende twee metodes:*

Die **bottelmetode:** Pons gate in die bodem van ’n 2 liter-koeldrankbottel. Sit die bottel in die gat naby die boom se wortels sodat die bottelnek bo die grond is as die gat toegegooi is. Vul die bottel met water en skroef die prop op om te voorkom dat die water verdamp. Gee die boom gereeld water deur die prop af te skroef en die bottel vol water te gooi.

Die **klipmetode:** Pak een hoek van die gat tot bo vol vuisgrootte klippe. Gooi water oor die stapel klippe om seker te maak dit bereik die boom se wortels.

Volg gerus die volgende skakel om na ’n video te kyk wat verduidelik hoe ’n boom geplant moet word:

https://www.youtube.com/watch?v=AKkvt-IV3_M&t=17s